

**19 November**

**1 Petrus 1:1-12**

(Teks: 8,9 + Filippense 4:2-9)

***Gelowige... wees vol blydschap te midde van beproewings***

Te midde van bitter moeilike omstandighede waarin die gelowiges destyds verkeer het, was hulle nogtans "vervul met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap" (1:8/9). Só behoort dit te wees. Hulle het immers iets gehad om oor bly te wees - al het dit hoe swaar gegaan.

Hierdie blydschap in vers 8/9 is nie 'n emosionele of 'n gevoelvolle opflikkering vir 'n kort tydjie nie. Dit is nie soos 'n vuurhoutjie wat brand en vinnig uitbrand nie. Hierdie vreugde is soos 'n standhoudende vuur wat van binne af brand en knetter en warm maak. Dit is 'n vreugde en blydschap wat nie afhang van die omstandighede daar buite nie - Vervolging en spot en haat verander nie hierdie vreugde nie. Hierdie vreugde kom van God af. Hy gee dit aan ons deur sy Gees. Hy maak dat ons ons vertroude volkome op God stel. En omdat ons aan Hom vashou, kan ons bly wees. Altyd bly wees (Fil. 4:4). Al is ons omstandighede soms bitter moeilik.

Vreugde en blydschap in moeilike omstandighede. God se werk. Sy Gees se werk in ons. Die Heilige Gees verseker ons dat die ewige lewe op God se kinders wag (1:8). Daarom kan ons vol blydschap wees... wat ook al die omstandighede.

Sing Psalm 73:10

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)